

# Die uitstappie (Deel 1)



LekkeLees.com

omnibus

**Hierdie reeks word opgedra aan my ma, Marie Snyman.**

**Ma is die rede dat ek skryf, my drome volg en nooit opgee nie!**

**† 1962 - 2022**

## **KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**

### **Neem kennis:**

Enige materiaal van [LekkeLees.com](http://LekkeLees.com) mag nie gedruk of versprei word sonder skriftelike toestemming van die skrywer nie. Indien u as skool, departement of individu die materiaal wil druk, versprei of gebruik vir enige ander doeleinde, stuur 'n e-pos na [lekkeleesdotcom@gmail.com](mailto:lekkeleesdotcom@gmail.com) vir toestemming.

*Wet op Kopiereg, 1978.*

**(omnibus — deel 1)**

“Ag, ma!” kla Mila soos sy haar sokkies in haar tas gooi.

“Geen, ag ma, nie!” antwoord Marie, Mila se ma kwaai en gluur oor haar bril in Mila se rigting.

Mila besef dat sy nie die geveg gaan wen nie en begin die res van haar stapklere in haar toksak pak.

“Wat — wat as ’n bergmonster my opvreet, mmmm?” vra Mila parmantig terwyl sy haar hande op haar heupe hou en na haar ma kyk.

Marie sug, hoekom is dit so moeilik vir ’n kind om op ’n kamp te gaan? Is hulle nie veronderstel om opgewonde te wees nie?

Marie skud haar kop.

“Jy gaan op die kamp, en basta met die res, oukei?” sê Mila se ma en draai om.

Voor sy by die deur uitloop, stop sy en kyk na Mila voor sy praat.

“En jy beter vinnig maak, ons ry oor ’n halfuur!”

Mila sug en plons op haar bed neer. Sy is nul lus vir hierdie stupid skoolkamp. Wie wil nou in tente bly in die middel van die bos en dan nog elke dag ver stap ook? Dit klink mos soos ’n tronkstraf.

Mila gooi nog so paar stukkies klere in haar tas, en sit haar nuwe flitsliggie ook sommer daarby - net vir ingeval sy moet gaan piepie in die aand ... Mila ril — hopelik sonder kreature wat vir haar staar vanuit die bos.

\*\*\*

Die rit in die kar is besonders stil. Mila probeer altyd vir haar ma die silent treatment gee, maar dit werk nooit nie, want sy gee altyd eerste in.

“Asseblief, mamma — ma weet hoe haat ek goggas en modder en wat ook al daar nog in die bos wegkruip!”

“Kan ons nie net vir meneer de Bruin bel en sê ek het ’n hoogs aansteeklike siekte nie?” vra Mila en haar oë blink sommer met die gedagte daaraan.

Marie gee Mila een kyk wat alles sê en Mila besef dat vandag gaan sy nie haar weg hieruit kan praat nie.

Marie stop voor die skool se hek en kyk na Mila.

“Niks gaan jou opvreet nie en ’n bietjie modder gaan jou nie laat smelt nie, oukei?” antwoord haar ma effens vriendeliker en gee haar ’n soen op die voorkop.

“Toe nou, aapstert, kry jou tasse en hol vir die bus, netnou los hulle jou agter,” sê Marie.

“As hulle maar net wou,” dink Mila terwyl sy haar toksak uithaal en die kattedak hard toeslaan en kyk hoe haar ma wegry.

Mila draai om, haal diep asem en loop dan die terrein binne na waar al haar klasmaats by die bus bymekaardrom — en almal lyk natuurlik so gelukkig.

“Joe-hoeeee, Mila,” hoor sy haar vriendinne van agter in die bondel kinders na haar roep.

Sy sit haar toksak op die hoop ander tasse en loop na waar Mienke en Nienke staan.

Mienke en Nienke is haar twee beste vriendinne en natuurlik ook ’n tweeling — sy verstaan nie hoe hulle ma hulle uitken nie!

“Hoekom lyk jy so bekaf?” vra Mienke met haar fizz pop in haar mond.

“Want, julle weet hoe voel ek oor skoolkampe ... en ek het nie ’n goeie gevoel oor die ene nie,” antwoord Mila, terwyl sy hard aan die knop in haar keel sluk.

“Nee, man! Jy is sommer nou besig om ’n regte prinses te wees. Alles gaan fine wees, jy sal sien!” sê-lag Nienke, voordat sy by Mila inhaak en vrolik loop na waar meneer de Bruin hulle almal nader roep.

“Stilte, asseblief!” brul ou vet meneer de Bruin se stem dat sy maag sommer soos jellie staan en tril. Mila wil-wil lag, maar sluk dit toe hy skerp in haar rigting kyk.

“Julle ken die dril, ons gaan presensie neem. Kyk mooi na almal rondom jou en maak seker dat julle ten alle tye mekaar oppas ... die woud is nie jou maat nie,” waarsku meneer de Bruin geheimsinnig.

Wat? Nie jou maat nie? dink Mila stilweg.

Mila verstik amper aan haar eie spoeg toe sy weer dink aan meneer de Bruin se woorde. Genugtig, hierdie vier dae gaan nie vinnig genoeg kan verbygaan nie.

“Mila — hou op slaap!”

Mila skrik wakker uit haar dagdroom en besef dat meneer de Bruin al ’n paar keer haar naam uitgeroep het en sy al te lekker staan en nonsens dink het.

“Uh, hier meneer?” antwoord Mila en steek skaam haar hand op.

“Goed, toe nou, klim in die bus dat ons kan vertrek, daar lê ’n lang pad voor ons,” mompel meneer de Bruin voor hy sukkel-sukkel met sy groot pens die bus inklim.

Een-vir-een hop die kinders van Laerskool Arcadia in die bus.

\*\*\*

Mila voel of sy haar tor gaan verloor.

“Oh, ek ken ’n liedjie wat almal irriteer, almal irriteer ...”

Sy wens net almal wil stilbly en ophou soos graad eentjies tekere gaan.

Mila sug en kyk moedeloos by die venster uit en wens die tyd verby.

“Kom nou ... hou op om so ’n suurknol te wees,” hoor sy Nienke deur die geraas. Mila rol haar oë. Suurknol? Meer soos volwasse-knol dink Mila by haarself.

Nienke trek Mila vanuit haar sitplek en forseer haar om saam met die res van die kinders te sing.

“Ons het die G-E-E-S!”

Mila sing tog lekker saam en lag saam met Mienke en Nienke wat snaakse toertjies probeer doen. Dalk gaan die uitstappie tog nie so sleg wees nie?

\*\*\*

Moeg, koud en honger word die kinders van Laerskool Arcadia vyf ure later wakker toe hulle in Wildestroom stop. Almal strek hulle uit voordat hulle nuuskierig hul omgewing probeer inneem.

“Ah cool, kyk daai klimraam!” hoor sy iemand opgewonde uitroep.

Mila kyk rond en alles lyk darem redelik orraait ... sy moet nou maar net wag om te sien waar op aarde sy gaan moet slaap en hoeveel goggas sy gaan aantref — gelukkig het sy haar blikkie Doom onthou!

“Toe nou, bedaar,” antwoord meneer de Bruin.

“Kan almal van die bus af beweeg en in julle rye voor die bus kom aantree,” bulder die stem weer vanuit sy maag.

Almal klim opgewonde af en tree aan en wag angstig vir meneer de Bruin om weer te praat.

“Wel, welkom by Wildestroom, soos julle weet is hierdie jul nuwe tuiste vir die volgende vier aande.”

“Meneer Roelof sal julle bietjie meer vertel en julle ook vanaand uitvat op ’n lantern bekruij-sessie,” sê meneer de Bruin droog en vat-vat aan sy broeksak, reg om te loop en sy sigaret skelm te gaan rook.

Mila sien hoe ’n lang, skraal figuur met langerige hare uit die skaduwee nader kom. Sy ril ... hy lyk skoon soos ’n karakter uit ’n horror fliek.

“Kyk hoe lyk daai ou — maak hy julle nie ook bang nie?” vra Mila vir haar vriendinne.

Hulle is egter so besig om te kyk na die swembad en trampolien dat hulle haar nie eens hoor nie.

“Ha-llo, a-al-lmal,” kraak die stem voor hulle.

“My naam is ... is Roelof.”

“Hallo, Roelof!” antwoord die kinders in een stem.

Roelof glimlag skaam en gaan dan voort.

“Julle sal sien dat die meisies in daardie huis slaap en die seuns in die een oorkant,” verduidelik hy en wys met sy krom vinger na die onderskeie geboue.

“Ons kry mekaar oor ’n uur weer hier en dan sal ons met die nagbekruip begin.”

Mila sien hoe hy nog so oomblik stilstaan, sy kop draai en vas in haar oë kyk.

Mila sluk en begin liggies bewe — sy oë lyk nes ’n slang s’n.

Mila pluk aan Mienke en Nienke dat hul albei amper agterstevoor in die modder beland.

“Wat?” vra hul gelyk.

“Het julle ... julle dit gesien?” stotter Mila.

“Waarvan praat jy?” antwoord Mienke asof Mila heelmaal van haar trollie af is.

“Hy — daai scary ou - het my vreemd aangekyk ... so asof hy my probeer waarsku?” sê Mila.

Mienke en Nienke kyk vir ’n oomblik na Mila en bars dan uit van die lag.

“Kom bangstert, jy kyk way te veel televisie,” antwoord die tweeling.

Mila probeer die gevoel afskud, maar sy weet iets is nie lekker nie. Daai oë van hom beteken een ding — gevaar.

***Wie is Roelof en watter geheim gaan Mila uitvind wat haar lewe kan verander? Lees meer in die volgende boek in die reeks.***